Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Economic and Management Sciences
EyeNzululwazi ngoQoqosho noLawulo
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe



2026/2027

# Skool vir Rekeningkunde

www.su.ac.za

## Geoktrooieerde Rekenmeester (GR)

### Wat doen ꞌn GR(SA)?

ꞌn GR werk onder andere:

- As ꞌn ouditeur en/of rekenmeester vir ꞌn ouditeursfirma en is verantwoordelik vir onder andere die uitvoer van wetlik voorgeskrewe oudits en lewering van bestuursadviesdienste, belastingdienste en advies rakende inligtingstegnologie;
- As ꞌn rekenmeester in handel en nywerheid (bv. die finansiële- of mynsektor), verantwoordelik vir die behartiging van ꞌn reeks pligte wat insluit bestuursinligting; finansiële verslagdoening; interne beheer; belastingsake en batebestuur;
- As ꞌn onafhanklike konsultant in areas wat bestuursadvies, belastingadvies en advies rakende inligtingstegnologie insluit;
- As ꞌn onafhanklike besigheidsman/vrou.

ꞌn Groot aantal beroepsgeleenthede bestaan. Geoktrooieerde Rekenmeesters is in groot aanvraag in Suid-Afrika en ook wêreldwyd. Ouditeursfirmas is van die groot werkgewers van GRs.

### Hoe om 'n GR te word

ꞌn GR gebruik die titel GR(SA) en is ꞌn lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR). Indien studente die roete volg wat deur Universiteit Stellenbosch aangebied word, moet hul vir die BRek-graad (3 jaar) registreer en daarna vir die HonsBRek-graad / Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (NDR) (1 jaar). Nadat die vereiste tegniese kennis op universiteit verwerf is, word ꞌn drie- jaar kontrak met ꞌn geregistreerde ouditeursfirma of ander geregistreerde opleidingsorganisasie in handel en nywerheid aangegaan om die vereiste praktiese ondervinding op te doen.

Gedurende die eerste jaar van hulle leerlingskap kan leerlingrekenmeesters die eerste deel van die professionele eksamen van die SAIGR, wat as die *Initial Assessment of Competence (IAC)* bekend staan, skryf.

Nadat ꞌn voornemende GR die IAC geslaag het, moet hy/sy ꞌn spesialiskursus (wat nie deur Universiteit Stellenbosch aangebied word nie) voltooi en na 20 maande se leerlingskap is hy/sy geregtig om die finale deel van die professionele eksamen van die SAIGR, bekend as die *Assessment of Professional Competence (APC),* te skryf. ꞌn Voornemende GR wat aan al hierdie vereistes voldoen en sy/haar drie jaar van leerlingskap voltooi het, word toegelaat om by die SAIGR as ꞌn GR(SA) te registreer.

## Bestuursrekeningkunde (CIMA)

### Wat doen ꞌn bestuursrekenmeester?

Bestuursrekenmeester kombineer rekeningkunde, finansies en bestuur met die toonaangewendste tegniekte wat benodig word om suksesvolle besighede te bestuur. Geoktrooieerde bestuursrekenmeesters se pligte sluit in:

- Adviseer bestuur rakende die finansiële implikasies van projekte;
- Verduidelik die finansiële gevolge van besigheidsbesluite;
- Formuleer besigheidstrategieë;
- Monitor besteding en finansiële beheer;
- Voer interne besigheidsoudits uit;
- Verduidelik die impak van die mededingend landskap en
- Bring ꞌn hoë vlak van professionalisme en integriteit tot ꞌn besigheid.

Bestuursrekeningkunde gaan nie daaroor om rekord van die verlede te hou, soos wat finansiële rekeningkunde doen nie. Bestuursrekeningkunde fokus eerder op die toekoms; beïnvloed en vorm strategieë en die ontwikkeling van besigheids-potensiaal. Bestuursrekeningkundiges is dikwels by vooruitskatting en begroting, kostebeheer, risiko- assessering en projekbestuur betrokke. Hulle stel nie transaksies te boek of oudit rekeninge nie, hulle fokus slegs op die assessering van die unieke besigheidsomgewing.

### Hoe om ŉ Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester te word

Universiteit Stellenbosch bied die volgende roete om ŉ Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester te raak:

- BCom (Bestuursrekeningkundige) (3 jaar)
- BCom Honneurs (Bestuursrekeningkundige) (1 jaar)
- Kwalifiserende eksamens deur CIMA
- Drie jaar relevante werksondervinding in enige organisasie wêreldwyd

Wanneer jy as ŉ lid van die *Chartered Institute of Management Accountants (CIMA),* kwalifiseer sal jy by die wêreld se grootste en toonaangewendste professionele liggaam van bestuursrekening- kundiges aansluit. CIMA het meer as 667,000 lede en studente in meer as 100 lande. Indien jy suksesvol vir CIMA opgelei word, sal jy die letters ACMA (*Associate of The Chartered Institute of Management Accountants)* agter jou naam kan skryf. Jy sal ook as ŉ Chartered Global Management Accountant kan registreer, wat 'n gesamentlike onderneming tussen CIMA en die AICPA van die VSA is. (Vir meer inligting oor CIMA, besoek hulle webwerf by **www.cimaglobal.com**.):

## Finansiële Rekeningkunde (ACCA)

### Wat doen finansiële rekenmeesters?

As ŉ ACCA kan jy in enige grootte of tipe organisasie, in enige marksektor, in enige land regoor die wêreld werk. ACCA-rekenmeesters in die korporatiewe en publieke sektor verander die finansiële vermoë van hulle organisasie deur hulle in-diepte vaardighede in finansiële strategie, besigheidsanalise, beleggings-waardasie, kostebeheer, finansiële bestuur, prestasiebestuur, risikobestuur en finansiële verslagdoening. In die publieke praktyk gee ACCA-rekenmeesters advies vanuit ŉ besigheidsperspektief, deur hulle vaardighede en kennis in korporatiewe en besigheidswette, belasting en oudit en versekering. ACCA-rekenmeesters se pligte sluit in:

- Adviseer bestuur in die maak van ingeligte besigheidsbesluite;
- Evalueer finansiële prestasie;
- Monitor besteding en finansiële beheer
- Bied onafhanklike oorsig;
- Voorsien finansiële advies en
- Berei finansiële state voor.

### Hoe om ŉ ACCA-lid te word

Die kwalifikasie is drieledig:

1. die eksamen- sillabus,
2. praktiese ondervinding en
3. professionele etiekmodule.

Indien jy die roete volg wat deur Universiteit Stellenbosch aangebied word, moet jy vir die BCom (Finansiële Rekeningkunde) graad (3 jaar) registreer.

Tans is studente wat deur Universiteit Stellenbosch studeer, vrygestel van die eerste nege eksamenvraestelle van die ACCA-sillabus en dit is die maksimum vrystelling wat deur ACCA gegee kan word. Suksesvolle voltooiing van die BCom (Finansiële Rekeningkunde) graad sal ŉ student die geleentheid gee om die finale vyf kwalifiserende eksamens deur die Association of Chartered Certified Accountants af te lê.

Om as ŉ ACCA-lid te kwalifiseer moet leerder demonstreer dat hulle, buiten dat hulle eksamen slaag, ook aan die ACCA praktiese ondervindingvereistes voldoen. Alle leerders moet 'n minimum van drie jaar relevante rekeningkunde ondervinding onder toesighouding voltooi en aan die minimum bevoegdheidvereistes van lidmaatskap voldoen. Buiten al die tegniese vaardighede en bevoegdhede wat gedurende die ACCA Kwalifikasie geassesseer word, is dit ŉ sleutelaspek in die ACCA se missie en kernwaardes dat studente oor etiese waardes en professionalisme moet leer. ACCA studente moet 'n aanlyn opleidingsmodule oor professionele etiek voltooi.

## Kontakbesonderhede

**Direkteur van die Skool** | Prof C Lamprecht
DIRECTORSOA@sun.ac.za | 021 808 3844

**B Rek** | Prof SPJ von Wielligh
pvw@sun.ac.za | 021 808 3846
Mrs. S Smit
smits2@sun.ac.za | 021 808 3473

**BCom Bestuursrekeningkunde** | Mr. R Baard
rbaard@sun.ac.za | 021 808 3470

**BCom Finansiële Rekeningkunde** | Dr GF Nel
gfn@sun.ac.za | 021 808 3422